# Afdeling Geesteswetenskappe en Kuns

## Prof. Elizabeth Helena van Coller




**BIOGRAFIESE PROFIEL**

Prof. Helena van Coller matrikuleer aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein. Sy behaal die grade LLB, LLM en MA (Regeerkunde) (almal cum laude) aan die Universiteit van die Vrystaat en ’n LLM (summa cum laude) aan die Universiteit van Utrecht, Nederland. In 2004 word sy toegelaat as advokaat van die hooggeregshof van Suid-Afrika en in 2012 behaal sy haar LLD. Sy word in 2005 aangestel as dosent by die Fakulteit Regsgeleerdheid van Rhodes Universiteit, waar sy tans hoogleraar in administratiefreg is. Haar navorsing is interdissiplinêr met ’n spesiale fokus op die verhouding tussen godsdiens en die reg en die funksionering van geloofsinstellings in die publiekreg.

Sy is tans die outeur van die hoofstuk oor administratiefreg in die *Yearbook of administrative law* wat jaarliks deur Juta gepubliseer word. Verder dien sy as gasredakteur vir verskeie akademiese tydskrifte in die veld van godsdiens en die reg en is lid van verskeie professionele organisasies. Haar boek oor die regulering van godsdiens in Suid-Afrika word in 2021 gepubliseer as deel van die Routledge-boekreeks oor godsdiens en die reg. Hierdie reeks verskaf ’n platform vir die groeiende navorsing op hierdie gebied. Die titel van die boek is *Regulating religion: state governance of religious institutions in South Africa*. Die opvolgboek, *The state, regulation, and religious freedom: lessons on law and religion from South Africa*, sal in 2027 by dieselfde uitgewer verskyn.

## MOTIVERING VIR NOMINASIE

Die volledige CV van die kandidaat spreek van haar bekwaamheid. Sy het grootgeword in ’n huis waar daar ’n liefde vir Afrikaans in al sy variëteite en verskynings geheers het en was van jongs af ’n akademiese uitblinker. Sy het wyd gepubliseer, talle referate by internasionale kongresse gelewer en geniet internasionale status as akademikus. Danksy haar bestuurservaring as visedekaan én waarnemende dekaan kan sy ’n belangrike bestuursbydrae lewer as Akademieraadslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Boonop is haar vakgebied nuttig wat betref aspekte waar regskennis ter sprake is.

Helena van Coller publiseer haar boeke in Engels vanweë die akademiese aard en die waarskynlike lesers daarvan. Desondanks maak sy ’n punt daarvan om voortdurend ook in Afrikaans te publiseer en om referate in Afrikaans te lewer. Sy is verder aktief betrokke by die Afrikaanse kultuurlewe en is onder andere ouderling van die NG Gemeente Albanie (Grahamstad/Makhanda).

Sy was reeds ’n Akademieraadslid van die SA Akademie en ken derhalwe die werking en die vereistes daarvan. As Akademieraadslid sal sy ongetwyfeld ’n aanwins wees.